

voltooï. Die blaaië het daar by haar rondgelê. Wanneer sy daaroor gepraat het, het hy gesê dit is maar niks en aangesien haar seun alles geweet het, kon hy maar die boek ná sy dood klaar maak.

Hy het dikwels saands op die stoep gesit en vertel hoe hy die stof vir „Burgers van die Berge” bymekaar gekry het. Dit het ontsettend baie geduld, versigtigheid en volharding vereis. Hy het probeer om hom aan die „Burgers” bekend te stel, maar die volkie is baie sku en vir die geringste rede sit hulle op loop of neem selfs 'n dreigende houding in. Maar hy het hulle sonder einde aanhou besoek en altyd daar waar hulle gekampeer het, rondgedraai, kos gegooi en probeer om hulle te laat sien dat hy dit goed met hulle bedoel. Eindelik, na baie maande het hulle hom al meer en meer geïgnoreer en verby hom gekyk veral toe hulle gesien het dat van sy kant daar niks te vrees was nie. Toe het hy begin om in die nag daar te bly. Sodra hy naderkom, gee hulle pad. Hy was ook versigtig om die bobbejane nie van hulle slaapplek te verwilder nie. Hulle het blybaar nooit toegelaat dat hy tussen hulle kon beweeg nie. Maar hy kon toe alreeds die hele nag in hulle nabyheid deurbring en hy het toe 'n krans of skeur gekry van waaruit hy hulle taamlik veilig en sonder steurnis kon gadeslaan. Hy moes toe tog nog baie versigtig wees. Hy het dikwels 'n maat gehad en as mev. Polderman nog reg onthou was dit 'n sekere mnr. Van Rooyen.

### **„MABALEL”.**

**O**p 'n keer het Eugéne met 'n baster Doberman Pincher-hond by haar huis aangekom. Dit was in die tyd toe hy die gedig „Mabalel” geskrywe het. Soms het hy by hulle kom sit en gevra hoe dié of daardie sin of woord klink. Een het mev. Polderman nog goed onthou. „Mevrou, hoe klink dit vir jou? Kan 'n mens in Afrikaans die woord opwel, opwellen, water wat uit 'n fontein opwel, gebruik?” „Jy het alreeds die woord”, het sy geantwoord, „Dit klink vir my in daardie sin sekerlik goed.” Hy het die woord toe ook gebruik.

Die hond was egter nou daar en die kry ook die naam Mabalel, maar mev. Polderman het nie van Mabalel gehou nie en sy moes weg. So'n jong hond is lomp, groot en gaan oor alles heen. 'n Duur „plush”-kleedjie was oor die tafel maar Mabalel het spoedig al die fraaiings afgebyt en is toe op die sofa. Dit was egter vir mev. Polderman te veel. Eugéne het die hond toe by die polisiestasie gaan afgee. Ingedagte en sonder om te protesteer is hy met die hond daar weg. Mev. Polderman was nietemin baie jammer dat sy hom miskien daardeur seergemaak het.



*Eugéne Nielsen Marais, wat vir enkele jare Eienaar en Redakteur van „Land en Volk” was.*

*Foto: Stadsraad van Pretoria.*

## SY LIEFDE VIR PLANTE.

**H**Y was baie lief vir plante. Gedurig haal hy uit, bring dit huistoe en kweek dit. Eenkeer het hy vir mev. Polderman 'n maanplantjie (moon-flower) geplant. Daar was 'n menigte varings, wilde katjepiering en baie ander soorte plante. In die koppies van die Bosveld groei daar 'n sekere soort plantjie. As jy 'n handvol in jou hand druk, gee dit 'n skerp geur af, amper iets soos terpentyn. Hiervan het hy eendag 'n suikersak vol huistoe gebring en gevra dat mev. Polderman hom moet help. Sy moes dit kook. Hy wou dit stook en op die mark plaas want dit is baie goeie medisyne. Hy was seker dat hulle twee baie geld kon maak. Maar dit het egter nooit gebeur nie. Nadat die sak sowat drie maande in die motorhuis gelê het, het hy vir haar 'n droë en hard takkie gebring, sonder wortels en dit in die water geplaas. Die volgende dag was dit weer helder groen van kleur. Mev. Polderman het die wetenskaplike naam van die plant nie meer onthou nie maar was tog seker dat dit 'n bekende plant is.

## DIE TEËSIN-BOOM.

**E**ENDAG het Eugéne vir mev. Polderman gevra of daar nie 'n boom was waarin sy 'n teësin gehad het nie. Sy het bevestigend geantwoord. „Dis eienaardig, maar byna alle mense het so'n boom”, het hy toe gesê. Hy noem daarop 'n boom en sê hoe maar hy voel as hy met dié boom in aanraking kom.

## DIE PIKKIE.

**T**OE mev. Polderman en vriende op 'n keer met 'n motor na die oorlogsgrafe net buitekant Bronkhortspruit gery het, was Eugéne ook in die geselskap. Soos gewoonlik het almal hom in die oog gehou. Hy het vir hom 'n klein pikkie laat maak, eenkant byl en die anderkant pik. Dit was klein en hanteerbaar. Hy het dit dan altyd gebruik om plantjies in die berge in die veld en langs die pad uit te haal. Wanneer hulle by 'n berg of 'n koppie verby ry, het hulle altyd in die pad stil gehou en het hy in die berg of op die koppie plante gaan soek. Daardie dag toe hulle by die graf van Kieser en die ander gesneuweldes gekom het, het hy daar met sy pikkie rondgekap en wilde varings en 'n klein soort parasitiese lelie uitgehaal. Terwyl hulle so tussen die grafte rondgeloop en die opskrifte gelees het, het hy vertel dat dit destyds met die Slag van Bronkhortspruit perskeetyd was en toe die Engelse soldate in die graf gegooi is, was hulle sakke vol perskes. Die perskepitte het later opgekom en so het daar later perskebome op die graf gegroeи en elke jaar perskes gedra. Later is die bome egter verwijder en nou word die graftes van al die gesneuweldes gereeld goed versorg.

Mev. Polderman het nog baie ander staaltjies oor Eugéne Marais vertel maar vir hierdie keer moet ek met bostaande volstáán.

—H. M. REX.

# THANK YOU

THE OLD PRETORIA SOCIETY places on record it's sincere appreciation and thanks to Mr. and Mrs. A. W. BARTIE, Mr. W. R. NEL and Mrs. L. BARNES for their most welcome public spirited donations to our Society at a recent general meeting held at the Technical College.

The first gift received was an album of historical photographs from Mr. and Mrs. Bartie, of 165 Johnston Street, Sunnyside. The photographs were taken by Mr. Albert H. (Bert Giovanetti, son of the late Mr. C. W. Giovanetti, former Mayor of Pretoria, who also served the city as a Member of Parliament. Albert Giovanetti died whilst serving with the Royal Flying Corps during the First World War. After that the album made its rounds amongst members of the family and was lost until the Bartie family re-discovered it under the usual collection of old household goods we are all so fond of storing. Before consigning the "rubbish" to the dustbin Mr. Bartie offered it to various persons who showed no interest in it. We are grateful indeed that someone directed him to our Chairman, Dr. G. W. Eybers, who gladly accepted the album on behalf of your Society for safekeeping.

It was at this time that a letter was received from Mr. and Mrs. P. D. BUSSI also of Sunnyside offering photographs of OLD PRETORIA, these were handed over to us by Mrs. Barty who is related to Mrs. Bussi. The collection grew still further when two pictures of Church Square taken by Mr. Christian of Canada, a friend of the same family were added.

The album contains original photographs, re-productions and postcards of old Pretoria; scenes of sites prior to the erection of the Palace of Justice, S.A. Reserve Bank, Tudor Buildings; there are panoramic views of the Square including the occasion of Paul Kruger's funeral; we see the New Square all still very white and clean with labourers planting the lawns. There are pictures of the interior of an empty new museum and of the firegrates at the new railway station building; we see pictures of a "*festive City*"; the first fire fighting demonstration; here too are the forts surrounding Pretoria, the Fountains caves (where are they situated?), Union celebrations, Crocodile River scenes, The Wonderboom, Union Buildings under construction and many interesting photographs of the suburbs taken from Meintjeskop at that time.

Thank you Mr. and Mrs. Bartie for your valuable contribution.

Whilst it is part of our duty to preserve photographs and documents of our historic past, we endeavour to protect our indigenous flora and foster a love of nature among the younger generation by holding an annual garden competition. Many of our members have seen the beautiful Old Pretoria Society shield offered to the winning school, but to use the words of our Vice-Chairman, Dr. T. S. van Rooyen, "the 2nd prize trophy, a cup, was so small, it was not even noticed on the trophy table, and so

insignificant compared to the shield" — this is changed now; we have a cup to present that any school will be as proud to receive as we will be to present it. For this large beautiful Silver Cup we are indebted to Mr. W. R. NEL, Chairman of the School Committee of the Pretoria Tuine Laerskool.

Mr. Nel, a building contractor, has left his imprint in more than one way on the life and history of our city; besides being responsible for the erection of many school buildings in Pretoria and the rest of South Africa, he serves two school governing boards and plays a big part in guiding and encouraging the best in young Pretorians.

The WILLIE NEL TROPHY will further the donor's own ideals: thank you Mr. Nel from all Pretorians. We also owe a special word of appreciation to Dr. T. S. van Rooyen, our Vice-Chairman, whose happy inspiration and initiative were the well-springs from which this handsome bounty flowed.

A second donation from Mr. Nel was a JOURNAL AND LEDGER dated 1889/1893 salvaged whilst a roof of an old building was being repaired. It is of interest as it contains several names of persons connected with the history of Pretoria, and with the history of the Transvaal. Our deepfelt thanks to Mr. Nel for his valuable contribution to the preservation of these links with our past.

To Mrs. L. BARNES of Tiny Town our sincere thanks for a collection of historical photographs of the Anglo-Boer War period; we are honoured that she should choose our Society to preserve this collection which includes photographs of Paul Kruger's residence, Cronje's men at Simonstown, the Prince of Wales's visit, the Kruger Church, Kruger's grave and many others. This gift includes an album of 24 photographs of Old Pretoria when "Durban House" stood on the corner of Church and Koch (Bosman) Streets; another scene shows Jones and Tonkin's "The Corner Boot and Shoe Store", a single storey construction where the Tudor Building today stands. Thank you too for the "Pretoria Centenary Pageant" programme and for "The City of Pretoria", an official handbook published in 1913.

—T. E. ANDREWS.

---

## AMPTELIKE ONTHULLING VAN GEDENKPLAAT BY DIE STAATSMODELSKOOL

WANNEER die vorige nommers van „Pretoriania” deurgeblaai en die notules van Bestuurs- en Algemene Jaarvergaderings gelees word, is dit opmerklik dat die Genootskap Oud-Pretoria hom oor 'n lang tydperk op 'n besondere wyse geïnteresseer het in die geskiedenis en gebou van

die eertydse „Staats Model School” van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Vir die bewaring van dié historiese belangrike gebou, vir die navorsing van sy geskiedenis en vir die proklamering daarvan tot 'n historiese gedenkwaardigheid het die Genootskap Oud-Pretoria hom heelhartiglik beywer en sy volle steun aan die Historiese Monumentekommissie verleen. Die lofwaardige gedagte dat die gebou as 'n historiese monument verklaar behoort te word, het trouens die eerste by die Genootskap Oud-Pretoria en sy destydse Voorsitter, dr. Willem Punt, ontstaan.

Daarom is dit begryplik dat die Genootskap Oud-Pretoria verheug was toe die skoolgebou as 'n historiese gedenkwaardigheid verklaar en die gedenkplaat op 20 Mei 1963 onthul is.

Om die gebeurtenis te gedenk word die program van die onthulling soos dit werklik verloop het, in hierdie nommer gepubliseer, tesame met die kort toespraak van mnr. W. H. Rood, van Kiepersol, wat in die plek van mnr. C. Pierneef opgetree het. Mnr. Pierneef was deur siekte verhinder om teenwoordig te wees.


In die jongste uitgawe van die „*Bulletin*” van die Stigting Simon van der Stel, Nr. 7, wat vanaf sy eerste uitgawe op so'n bekwame wyse deur dr. Jan Ploeger, een van die stigterslede van die Genootskap Oud-Pretoria, versorg word, verskyn 'n aantal artikels oor die onthulling van die gedenkplaat by die Staatsmodelskool, 'n skets van geskiedkundige waarde. Ons lezers kan gerus eksemplare bestel by die kantoor van die Stigting Simon van der Stel in die Pretorium-gebou. (Die Redakteur).

## **STAATS MODEL SCHOOL AMPTELIKE ONTHULLING VAN GEDENKPLAAT MAANDAG 20 MEI 1963 OM 3 NM.**

*Onder beskerming van die Historiese Monumentekommissie*

### P R O G R A M

1. Opening met Skriflesing en gebed—Sy Edele dr. Wm. Nicol, Voorsitter, Stigting Simon van der Stel.
2. Verwelkoming—Dr. P. J. du Toit, Voorsitter, Historiese Monumentekommissie.
3. Toespraak—Sy Agbare raadslid prof. dr. P. J. van der Walt, Burgeemeester van Pretoria.
4. Herrinneringe uit 1897–1900—Mnr. W. H. Rood, Oudleerling, Staats Model School.
5. 'n Rede—Sy Edele mnr. F. H. Odendaal, Administrateur van Transvaal.
6. Voorstelling van Oudleerlinge van die Staats Model School — Die Seremoniemeester.
7. 'n Waardering—Dr. W. Punt, Lid, Historiese Monumentekommissie.



*Die Staatsmodelskool met die Staatsmeisieskool (tans Hamiltonskool) op die agtergrond.*

8. Onthulling—Dr. P. J. du Toit, Voorsitter, Historiese Monumentekommissie.
9. Bedankings—Dr. G. W. Eybers, Voorsitter, Genootskap Oud-Pretoria.
10. Besigtiging van skoolgebou.  
Seremoniemeester: Mn. Clerke Scholtz, Direkteur, Pretoriase Publisiteitsvereniging.

## HERINNERINGE AAN DIE EERTYDSE STAATSMODELSKOOL

### VERTELLING DEUR 'N OUDLEERLING

**W**EENS die ongelukkige siekte van oudleerling, mn. C. Pierneef, wat vandag hier 'n paar woorde sou kom spreek, maar nou nie meer kan kom nie, is ek gevra om as 'n oudleerling van die „Staats Model School“ 'n paar woorde te sê. Gelukkig vir u is ek beperk tot 'n kort spreektyd!

Ek wil somaar dadelik die Historiese Monumentekommissie, namens ons almal, maar meer spesifiek namens ons ou S.M.S.-leerlinge, bedank dat hulle ons ou skoolgebou tot 'n historiese monument verklaar gekry en vir ons ou leerlinge die geleentheid gegee het om vandag hier by so'n funksie teenwoordig te wees, en, dan meteens ook die geleentheid te hê om as „ou jong seuns of jong ou seuns“ mekaar weer te ontmoet en vriendskappe uit die kinderjare te hernu. Dit is voorwaar 'n groot voorreg!

### HULDE AAN ONS OU SKOOL EN SY ONDERWYSERS

**N**OU wil ek eers namens ons oudleerlinge 'n kransie lê tot nagedagtenis van al ons oud-onderwysers, van wie sommige se kinders gelukkig ook vandag hier teenwoordig kan wees, nl. mn. Wagner, die Hoof, mnre. Tromp, Vaandrager—'n onderwyser duisend—, Ribbens, Moller, J. J. van der Merwe—later skoolhoof te Ermelo en alombekend—, Lub, Bredell, De Groot en Harrington. Hulle het in der waarheid van ons ou skool 'n blywende monument gemaak in die opbou van die jeug van ons jong maar lewenskragtige Zuid-Afrikaansche Republiek.

Hulle het gehelp om die fondamente te lê van ons skoolopleiding, ons besef van die noodsaaklikheid van kennis, ons besef van plig en van toegewydheid aan 'n taak.

Die oorgroot meerderheid van ons oud-onderwysers was afkomstig uit Nederland maar het hier aan die Suiderstrand gehelp om 'n jong volk te bou. Ook in oorlogstyd het hulle op kommando gegaan en gehelp om land en volk te verdedig, terwyl sommige ook op ander maniere hulle hulp verleen het.

By hulle was hulle beroep of professie as onderwysers nie somaar 'n tydelike sakie nie, maar dit was inderdaad 'n „lewenstaak“.

Moontlik kan ek in 'n terugbliek goed oordeel oor die gehalte van die onderrig wat ek hier in ons ou skool gekry het in vergelyking met die onder-